Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Nobelstr 4 Nobel St
Brandwag
54, Bloemfontein 9300
(051) 444 4609
(F) (051) 444 4619

Saam bereik ons meer

RPO VRYSTAAT

VERKLARING/PRESS RELEASE

Landbou wys hul gee om

Die viering van Mandela Dag op 18 Julie die afgelope paar jaar, is sinomiem met omgee. Voedselsekerheid en die welstand van landelike gemeenskappe is aspekte waarna landbouers en die totale bedryf op ’n daaglikse basis omsien. Hierdie taak is op Vrydag, 17 Julie 2015, op Wepener afgehandel, toe OVK, die Rooivleisprodusente-organisasie in die Vrystaat (VSRPO) en Vrystaat Landbou (VL) asook die plaaslike landbouvereniging na die kinders van die Feed a Child projek op dié dorp uitreik het.

Die projek word sedert 1988 bedryf, en met behulp daarvan word tot 500 kinders drie keer per week gevoed. Die projek is aanvanklik begin deur Bettie en Johan Meiring, ’n ma en seun span van die dorp wat ’n verskil in die armoede van die gemeenskap wou maak. Die meeste van die kinders wat deur die skema ondersteun word, is weeskinders, kinders uit ’n enkel-ouer gesinne of kinders wat deur hulle grootouers grootgemaak word. Talle van die kinders is glo in Lesotho gebore, en is dus nie plaaslike geregistreer met geboorte nie. Dit beteken dat hulle nie vir staatshulp kwalifiseer nie.

OVK ondersteun die projek sedert Julie 2014. Hulle het die projekbestuurders, Meiring en William Wessels, ook ondersteun om nege groentetonnels op te rig waar die kinders geleer word hoe om hulle eie voedsel te verbou sodat hulle ook in hul eie lewens en hulle gemeenskappe se lewens ’n verskil kan maak.

“Dit verskaf aan ons groot vreugde om Feed a Child by te staan om ’n behoorlike maaltyd aan ’n honger kind te verskaf,” sê Manie Botha, voorsitter van die OVK Direksie . “Die glimlagte op die kinders se gesigte is meer as genoeg belonging vir ons. Ek wil ook graag die vrywilligers wat so hard werk om na die kinders om te sien, lof toeswaai.”

Die uitreik-aksie sluit in ’n worsbroodjie braai met allerhande lekkernye wat aan die kinders uitgedeel gaan word. OVK borg die brood en sap, die VSRPO die wors en VL die lekkernye. Neels de Villiers, voorsitter van Vrystaat RPO, sê dit is vir hulle ’n groot voorreg om ’n helpende hand te verleen. “Ons wil ook graag die kinders aan rooivleis blootstel, want dis ons produk en ons trots. Om uit te reik na minderbevoorregtes is ’n plig en voorreg wat ons daagliks besef en wil uitleef.”

“Dit is heerlik om landbouers en die bedryf se omgee in so aksie vergestalt te sien. Ek dink ons landbouers gee so maklik ten spyte van moeilike seisoene en onsekerhede, omdat baie van hulle swaarkry ken en dus wil help,” sê Henk Vermeulen, hoof uitvoerende beampte van VL. “Dit laat my

dink aan ’n aanhaling: “Onthou, as jy eerste klas toewyding gee aan ’n tweede klas doel of bestaansmiddel, sal jy altyd ontevrede en onvervuld wees.”

Roelf Jacobs, voorsitter van VL se Sosiaal-maatskaplike Komitee, sê wanneer na die welstand van ’n kind omgesien word, kan daar nie onderskeid getref word tussen my en jou kind nie. “Ons almal koester ons land se kinders, want hulle is Suid-Afrika se toekoms.” Volgens hom het ’n kind liefde, aanvaardiging en kos in sy of haar maag nodig. “As ons op ’n dag soos hierdie een of al drie van die aspekte kan help vervul, maak ons ’n verskil in ’n kind se lewe.”

Enige iemand met navrae oor die Feed a Child projek, skakel gerus - 051 583 1889.